# VAN DIE ELJADA HUIS SE TAFEL
## ‘N NUUSBRIEF 18 Julie 2013
**012 377 0503 / 072 855 8289**

Dagsê Almal

“Om hierdie rede buig ek my knieë” word daagliks hier op die knielkussings geborduur en hou ons bewus van Sy grootheid en getrouheid. Dankie Vader. Amen.

Die week wat die huis “gesluit” was het ek en Petro behoorlik begin skoonmaak en opruim en probeer om ruimte te skep waar daar geen ruimte meer is nie. Ons het orde geskep en dit maak ook alreeds ‘n groot verskil maar die frustrasie van wat ons alles graag wil doen maar nie kan nie omdat daar eenvoudig nie plek is nie is baie groot. Aldus weer my versoek om asseblief te help met die koste wat ons by die stadsraad moet inbetaal ten opsigte van diensteheffing. Dankie vir die R4000 wat reeds ontvang is maar ons het nog steeds ‘n groot tekort. Soos ek laas ook genoem het – as ons nog 22 mense/wyke kan kry om elk net R500 by te dra het ons die totaal van R15 000 bymekaar. Baie dankie byvoorbaat.

14 September wil ons baie graag die oggendtee by Rietvallei bywoon. Ek was stout genoeg om 2 tafels te bespreek omdat ons so baie is wat graag wil gaan maar dit beteken dat ek weer individuele borge gaan benodig om die dames se stoelkoste te betaal. R100 pp en ons is dan 20 vroue. Ons dames sal self gaan dek en kos voorberei vir onsself. Kom loer gerus na ons baie kleurvolle tafels, want ons is opgewonde en beplan alreeds daaraan. Hierdie is ‘n klein bietjie lekker vir ons swaarkry dames wat geensins die voorreg het om andersins by so ‘n geleentheid uit te kom nie. Dankie.

Na aanleiding van ‘n besoek van Johan hierdie week, is my gedagtes alweer aan die weghardloop. Sodra die eerste fase van ons bouwerk afgehandel is en ons spasie, ruimte en werkplek om ons het wil ons graag met groenteverwerking as ‘n werkskeppingsprojek begin. Baie dankie vir al die grooooot baddens wat ek reeds ontvang het maar ons sal baie graag dan ook voedselverwerkers vir groente spesifiek wil bekom. Die groot mark is so naby dat die verkryging van groente nie ‘n probleem gaan wees nie en kan ons dan heerlike klaar voorbereide groente aan julle voorsien teen lae koste. Help ons asseblief daarmee. Johan poog om dalk ook vir ons die regte weermag “veldkombuis” kookgeriewe te bekom. Kom ons bid vir hom om daarin te slaag sodat ons die gemeenskapsondersteuning verder kan uitbrei. Die swaarkry is baie erg en dit breek my hart om mense weg te wys wanneer daar veral kosnood is. Klere word in oorvloed ontvang maar daaglikse brood (Woord en eetgoed) bly die enkele grootste behoefte. Met die groter werkruimte word daar ook groter ruimte geskep vir bybelstudie geleenthede. Ek wil baie graag elke dag die bybelstudie aanbied maar die binneruimte moet ook gebruik word vir die sny van die kussings en die ander werk wat gedoen word. Kom kuier gerus asseblief en sien waarmee ons besig is en raak asseblief betrokke hier.

Vanoggend se bybellees was kosbaar gevul met opgewonde stemme van diegene wat gisteraand die eerste “katkisering” by die GK Daspoort bygewoon het. Gisteraand al het ek sms’e gekry wat sê dat dit “awesome” was en dat die Woord verstaanbaar begin word. Ek loof en prys die Here vir hierdie geleentheid.

Vir die eerste keer het ek iemand wat hier aankom vir ondersteuning wat in alle opregtheid sê hy ken nie die Here nie. Sy ouers het hom en sy boetie al vroeg in hul lewe weggegooi en hy het in die bosse gebly nadat hy deur kinderhuise en ander versorgings plekke teleurgestel is. Nie dat hy onskuldig is nie maar vandag is hy 31 en het ek die geleentheid om hom van die Here te leer. Bid asseblief vir hom.

Baie dankie ook vir die ondersteuning t.o.v. kombuisgoedjies en meubels en ek benodig nog die volgende asb.

***<u>KOMBUIS KRISIS:</u>***

- ***<u>BLIKKIES</u>*** – vleis, vis en groente
- Soja, rys, sopmengsels, macaroni en spaghetti
- Koffie, tee, suiker en boksmelk
- Broodsmere – margarien, konfyt, . stroop, grondboontjiebotter, Bovril
- Kookolie, eiers en koekmeel
- Vars vleis, eiers, groente en vrugte

Ons het ruim ontvang aan toiletware en het nie nou ‘n behoefte nie.

<u>Knielkussings beskikbaar by:</u>

***Faith 0823346384 / faith@faithduriekussings***

<u>Ons bankbesonderhede :</u>

***Eljada Huis, Standard Bank, Montana, Marketlink spaar, 044396058, kode 051001***

***<u>DAGBOEK ASB 2 November 2013 Markdag</u>***

**Eljada Huis groete. Annatjie**